**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appel Nr. : A319/2004**

In die appèl tussen:

**<u>BENJAMIN MALOTLE</u>** Appellant

en

**<u>DIE STAAT</u>** Respondent

---

**<u>CORAM:</u>** MALHERBE RP *et* BECKLEY R

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 9 MEI 2005

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** MALHERBE RP

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 12 MEI 2005

---

Appellant se ouderdom word op die klagstaat aangegee as 28 jaar. Hy het in die Streekhof tereggestaan op twee aanklagte. Eerstens, huisbraak met die opset om te verkrag en verkragting van 'n volwasse vrou. Tweedens is hy aangekla van aanranding met die opset om ernstig te beseer deurdat hy die klaer met 'n

baksteen “geslaan” het. Hy het onskuldig gepleit op beide aanklagte en was by die verhoor deur ‘n prokureur verteenwoordig. Hy is skuldig bevind soos aangekla en soos volg gevonnis:

<u>Aanklag 1:</u> 12 jaar gevangenisstraf.

<u>Aanklag 2:</u> 6 maande gevangenisstraf wat saam met die vonnis op aanklag 1 uitgedien moet word.

Hy appelleer slegs teen die skuldigbevindings.

Die klaagster is 40 jaar oud en die moeder van ‘n 7-jarige kind. Uit haar getuienis is dit duidelik dat sy goed weet wat geslagsverkeer is. Haar getuienis is, kortliks, dat sy die betrokke aand baie gedrink het en sterk onder die invloed van drank was. Sy het gaan lê op haar bed in haar sinkhuis en aan die slaap geraak. Toe sy wakker word, is appellant reeds besig om met haar geslagsverkeer te hou. Daar is geen sprake van toestemming nie.

Haar twee broerskinders, Deon en Seun, sou die aand by haar slaap en het haar in die sinkhuis toegesluit toe hulle daar weg is om êrens verder te gaan drink. Toe hulle terugkom by die sinkhuis, het hulle appellant letterlik met sy broek op sy knieë betrap. Albei getuig dat hulle deur ‘n opening tussen die sinke gesien het dat appellant besig is om met die klaagster geslagsverkeer te hou. Hulle staaf die klaagster dat ‘n sinkplaat

van die sinkhuis weggebuig is en ‘n opening gelaat het waardeur appellant toegang tot die hut kon verkry het. Hulle het nie genoeë geneem met wat hulle waargeneem het nie en appellant taamlik hardhandig behandel nadat hy vir Seun met ‘n halwe baksteen teen die kop gegooi het.

Hulle vader, William Saleng, wat daar naby woon, is geroep en hy het beide die klaagster en appellant na die Polisiestasie vervoer waar klaagster ‘n klagte van verkragting aanhangig gemaak het en later daardie aand deur die Distriksgeneesheer ondersoek is. Sy het geen beserings aan haar liggaam of haar geslagsdele gehad nie.

Appellant se weergawe is dat hy die betrokke aand op soek was na sy vrou toe hy by klaagster se huis verbystap en klaagster hoor sing het vanuit haar sinkhuis. Hy het nader gestap en by haar navraag gedoen oor sy vrou. Terwyl hy ewe onskuldig van buite af met klaagster kommunikeer, het die twee jong mans opgedaag en hom sonder enige rede genadeloos aangerand. Daar het ‘n motor opgedaag en hy en klaagster is na die Polisiestasie vervoer waar sy ‘n klagte teen hom gelê het.

Namens appellant het Mnr. Vorster die Staatsgetuienis in die fynste besonderhede ontleed en op verskeie weersprekings gewys. Hierdie weersprekings maak die getuienis van die Staat

onbetroubaar en verwerplik, aldus die betoog. Mnr. Vorster het ook beklemtoon dat die mediese verslag aantoon dat klaagster geen beserings opgedoen het nie.

Dit is inderdaad so dat daar verskeie weersprekings is tussen die Staatsgetuies onderling, bv. of Seun of Deon eerste deur die opening in die sinke na binne geloer het; of Seun deur hierdie opening die sinkhuis binne is en of hy deur die deur na binne is; waar appellant die baksteen vandaan gekry het waarmee hy Seun beseer het, ens. Na my mening is nie een van hierdie weersprekings wesenlik nie.

Dit is gemenesaak dat Seun en Deon vir appellant by klaagster se sinkhuis aangerand het en dat William vir beide klaagster en appellant daarvandaan na die Polisiestasie vervoer het, waar klaagster die klagte aanhangig gemaak het. Die Staat se weergawe, nl. dat appellant aangerand is omdat hy besig was om die klaagster te verkrag, is baie meer waarskynlik as appellant se weergawe dat hy sonder enige rede aangerand is. Die klaagster het dadelik die klagte gelê. Die afwesigheid van beserings, veral aan haar privaatdele, is volkome versoenbaar met haar getuienis dat sy sterk onder die invloed van drank was en in elk geval ‘n

volwasse vrou is wat reeds ‘n kind gebaar het.

Die Landdros was nie onbewus van die weersprekings waarna Mnr. Vorster verwys het nie. Hy het nogtans appellant se weergawe verwerp. Ek is nie oortuig dat hy hierin fouteer het nie. Die appèl kan derhalwe nie slaag nie.

Gevolglik word die appèl van die hand gewys en word beide die skuldigbevindings en vonnisse bekragtig.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

Namens die appellant: Mnr J van H Vorster
Prokureur vir Appellant
In opdrag van:
Vorster & Botha
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv D W Bontes
In opdrag van:
DOV
BLOEMFONTEIN

/sp